Aangesien Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, word openbaarmaking ten opsigte van volhoubaarheid beperk tot die maatskappy self en sy volfiliale, insluitende Wispeco en Tsb Sugar. Sosiale en volhoubaarheidsverslaggewing deur genoteerde entiteite waarin beleggings gehou word, verskyn in die jaarverslae van daardie ondernemings.

Die belangrikste aspekte om te rapporteer, is soos volg:

## VERHOUDINGE MET BELANGHEBBENDES

Die volgende word as belanghebbendes van die maatskappy erken:

- Aandeelhouers en leners as verskaffers van kapitaal
- Die staat as beleidmaker en reguleerder
- Die beleggingspubliek as 'n belangegroep
- Die gemeenskap, vanweë die skep van werkgeleenthede, as gedeeltelike begunstigde van die belasting wat winsgewende organisasies betaal en as ontvanger van sosiale bydraes

Die direksie hersien gereeld sy strategieë, met inagneming van die behoeftes van belanghebbendes, om ewewigtige langtermyngroei, en die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die omgewing waarin hy funksioneer, te verseker.

## GROEPETIEK

Dr Anton Rupert, stigter van die groep wat vandag Remgro Beperk insluit, het meer as 40 jaar gelede riglyne opgestel vir die suksesvolle bedryf van sake. Hierdie riglyne het ontwikkel in wat vandag Remgro se waardes is. Die maatskappy glo dat die gees waarin dit streef om 'n goeie korporatiewe burger te wees, in hierdie waardes beliggaam is. Dit glo verder dat etiese gedrag spruit uit die waardesisteem wat deur die direksie gekommunikeer en gedemonstreer word.

Remgro se verbintenis tot etiese gedrag is in die volgende gedokumenteer:

- Etiese kode
- Geskenkebeleid
- Rekenaar: Aanvaarbare gebruikskode
- Dissiplinêre kode

## VEILIGHEID EN DIE OMGEWING

Die maatskappy het 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee wat saamgestel is ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. Die komitee help die direksie om seker te maak dat die maatskappy 'n veilige, gesonde en risikovrye omgewing vir sy personeel en besoekers bied en sien toe dat beheermaatreëls om risiko's te beperk doeltreffend is en toegepas word.

Die meeste van die maatskappy se kernbedrywighede word as van 'n lae impak beskou sover dit die uitwerking daarvan op die omgewing betref.

Die maatskappy meet sy huidige omgewingspraktyke aan die norme wat deur die "Global Reporting Initiative™"(GRI)-raamwerk gestel word. Dit sluit die volgende in:

- Materiale
- Energie
- Water
- Biodiversiteit
- Uitlatings, uitvloeisels en afval
- Verskaffers
- Produkte en dienste
- Voldoening
- Vervoer